PROTOKOL VIR HELIKOPTER
(Lugbeheer van Probleemdiere)

Goedgekeur deur Predation Management Forum (PMF) tydens Augustus 2016 vergadering

---

Helikopter

1. 'n Koordineerder per distrik moet aangestel word. (gebruik landbou unie se strukture)

2. Die bogenoemde persoon moet weer 'n koordineerder per landbouvereniging aanstel.

3. Een grondeienaar wat gebied ken, moet ook saamvlieg.

4. ***Grondeienaar moet projek koordineer en in beheer bly van die operasie.***

4.1 Persone wat nie ten minste 2 jakkalse per uur skiet nie moet verbied word om verdere beheer toe te pas.

5. Vlieenier moet aan die volgende voldoen, naamlik:

5.1 Charterlisensie
5.2 Wildversekering
5.3 "Game-rating"

6. Gebruik slegs R44-Helikopters

7. ***Die lugbeheer van jakkalse moet verkieslik nie gedurende September – Desember plaasvind nie, aangesien teelpare en die nuwe aanteel naby gate lê waar die lugbeheermetode vinnig ontsnap word en dus onsuksesvol blyk te wees.***

8. Bepaal die ure wat gevlieg mag word (bv.3 ure per oggend en 2 ure per laatmiddag. Indien langer gevlieg word, moet geldige redes verskaf word)

9. DAF moet met DEA reel vir permitte PER DISTRIK

10. Daar moet onderhandel word met wildplase asook reservate (bv SANPARKE) om moontlik daar ook te skiet

11. Die skut moet self of saamwerk met ander nagskuts en snags bepaal waar daar moontlik jakkalse is.

Rekordhouding

1. GPS lesing (grid) moet daagliks voorsien word van gebied wat gevlieg is.
2. Koordinate van jakkalse wat geskiet is moet daagliks voorsien word.
3. Besluit of jakkals opgetel moet word of net foto's of videos geneem moet word.
4. Die jakkalse per uur gevlieg moet daagliks bepaal word.
5. Die GPS lesings moet daagliks na DGT gestuur word. Hulle moet slegs as kontroleerders optree en nie as koordineerders nie.

Bon
5 Oktober 2016